
2. Bestudeer die prent hieronder en voer dan die instruksies uit. Skryf die sinne oor en begin soos aangedui.



(a) Die hond dra die man se pantoffel weg.
'n Rukkie gelede ... (1)

(b) Die man moet nog vanaand gaan werk.
Die man hoef nie ... (1)

(c) Hy moet kyk wat die kinders doen.
Hy sal ... (1)

(d) Die seuntjie kielie sy pa se voet.
Sy pa se voet ... (1)

(e) Is die pa nog wakker?
Nee, ... (1)

(f) Die TV is nie aan nie omdat hulle nie nou wil kyk nie.
Omdat ... (1)

3. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

(a) Die (slaap) man weet nie wat die (ondeund) kind doen nie. (2)

(b) Die pa is baie (moeg) as sy kinders. (1)

(c) Ek sien verskeie (foto) in die vertrek. (1)

(d) Dis 'n klein (hond), maar die kat lyk nogal groot. (1)

(e) Die klein (kussings) is langs die (groot). (2)

4. Vul die ontbrekende woorde in:

(a) As die telefoon ____, sal die man seker wakker ____. (2)

(b) Die horlosie wys dat dit ____ (tyd) is. (1)

(c) Daar staan 'n potplant op die ____. (1)

(d) Die kat lê op die ____ en slaap. (1)

(e) Die pa was besig om die ____ te lees ____ hy aan die slaap ____ het. (3)

(f) As 'n mens slaap, weet ____ nie wat rondom ____ aangaan nie. (2)

5. Gebruik die woorde tussen hakies om die sinne te verbind:
   (a) Die kinders speel nie buite nie. Dit is al donker. (daarom) (1)
   (b) Dit is al laat. Die kinders speel nog. (alhoewel) (1)

[25]

6. Jy proeflees die volgende artikel. Dis baie swak geskryf en jy vind 20 taal-, spel- en punktuasiefoute daarin. Skryf die stuk korrek oor en onderstreep elke verandering. [20]

> As vriende en familie lede vir die Amerikaaner Dave Weinlick gevra het waneer hy trou het hy altyd beantwoord, 13 Junie 2001. Die datum het nabyer gekom maar geen bruid was in sig. Weinlick het 'n veldtog begin om een te vind.
>
> Hy het pamflete op straat uitgedeel, waarin kandidate gevra is om hulle aan te meld. Hy kon uit 30 name kies.
>
> Hy het dit aan sy vriende oorgelaat om 'n bruid te kies. Op die betrokke Saterdag het 25 jonk vroue opgedraai. Hulle was ondervra en gebekyk. Die keuse het op Elizabeth Ross geval. Die bruid het gesê dat sy het nog haar hele liewe om sy man te leer ken.

**[55]**

Antwoorde op bl. 164 ▶

## Aktiwiteit 24

1. Kyk na die prent en beantwoord dan die vrae.



   (a) Kies die korrekte woord tussen hakies:
   Die vrou (ken/weet) nie (wat/watter) telefoon gelui het nie. (2)
   (b) Kies die korrekte woord:
   Ek dink nie sy sal gou (kla/klaar/klae) wees met haar werk nie. (1)
   (c) Iemand (wat/wie) so (so/sulke) dinge doen, werk seker nie baie goed nie. (2)
   (d) Mense is seker dikwels kwaad (vir/met) haar. (1)
   (e) Kies die korrekte spelling:
   Sy is (heeltemaal/heeltemal) deurmekaar. (1)
   (f) Kies die regte antwoord:
   Sy was te verward om die gehoorbuis van die telefoon (te optel/op te tel). (1)
   (g) Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakkies:
   Sy het die prop van die telefoon (uittrek). (1)
   (h) Gee die regte vorm van die woord tussen hakies:
   Dis 'n baie (lank) kabel. (1)

[10]